19 Oktober **Skrifgedeelte: Eksodus 23:10-13; 31:12-18, 34:21; 35:1-3**

Die rusdag is ‘n teken van die verbond

Vir baie mense bestaan daar nie “tien” gebooie nie, maar slegs nege. Die vierde gebod word maklik afgemaak as deel van die wettiese rituele van die Ou Testament. Op hierdie wyse word die gebod kragteloos gemaak.

In Eksodus 31:12-17 word egter ‘n baie belangrike perspektief op die Sabbatsviering gegee. Dit word hier omskryf as ‘n teken van die verbondsverhouding tussen God en sy volk. Dit beteken dat die verbondsverhouding op die rusdag sigbaar word. Die tipe verhouding wat iemand met God het, word sigbaar in die manier waarop hy die rusdag vier.

Omdat die nuwe verbondsverhouding alleen moontlik is deur die oorwinning van Christus oor die dood, vier die Christene die opstandingsdag as die dag van die Here. Hierdie verhouding word dus al daarin sigbaar dat ons die eerste dag van die week as rusdag vier in plaas van die sewende.

Verder sal u sien dat ware gelowiges met vreugde op die rusdag saamkom om God met hulle hele hart te aanbid. Diegene wie se verhouding met God op die gedagte van wetsonderhouding gegrond is, sal dit getrou nakom, maar dit as ‘n vreugdelose pligpleging ervaar met die klem op die regte rituele. Ander sal liewer besig wees met sport, ontspanning, familiesake of wat ook al as om kerk toe te gaan. En let maar op dat hierdie dinge in hulle lewens belangriker is en swaarder weeg as hulle verhouding met God.

Waarmee is u op ‘n Sondag besig? Waarom is u daarmee besig? Wat sê dit van u verhouding met God?

Sing: Psalm 92:1 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)